BEELD, Pols
18 Sep 2013, p.24

# App van die week

## Draai jou sente digitaal om

**App-naam:** 22seven
**Prys:** Gratis vir die eerste 30 dae en daarna R25 per maand.
**Beskikbare platforms:** Jou rekenaar en iPhone. 'n Android-app is glo op pad.
**Wat dié app doen:** Die app skets 'n prentjie van die werklikheid wat vir jou wag wanneer jy geld aan 'n produk of diens bestee. Old Mutual het die maatskappy 22seven, wat in 2012 gestig is en monitor hoe mense hul geld uitgee, in Januarie bekom.

Die app is maklik om te gebruik, superveilig en het boonop 'n fantastiese span wat agter die skerms werk. Hulle noem hulself "The Svens" en kan op verskeie maniere gekontak word as jy probleme met die app sou ervaar.

Besoek www.22seven.com en registreer vir die app. Daarna kan jy jou aanteken-besonderhede en wagwoorde gebruik om jou geld-dinge (tjek- en spaarrekeninge, krediet-en winkelkaarte, beleggings en lenings) met mekaar te verbind.

Elke keer wanneer jy aanteken, is al jou inligting bygewerk en die app wys jou presies hoeveel jy het, hoeveel jy skuld en hoeveel jy waarop uitgee. Elke transaksie word opgedeel in kategorieë, soos kruideniersware, selfoon, ens. Die app het reeds sowat 40 kategorieë, maar jy kan tot tien van jou eie skep.

**Die 22seven-app werk op jou rekenaar of iPhone. Die maatskappy beplan om voor die einde van die jaar 'n Android-app ook te ontwikkel.**

Foto: WWW.22SEVEN.COM

Boonop kan jy transaksies wat jy in die verlede gedoen het, opspoor en ook 'n prentjie kry van jou gemiddelde besteding oor 'n tydperk van drie maande.

Jou inligting word geënkripteer, wat beteken jou data is joune en niemand anders kan dit sien of gebruik nie. **-- Anél Viktor**

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*